## Die verbond van God bevestig met die doop!

**Maandag 4 Julie 2022**

Kom ons lees saam: **Kol 2:11,12**

**11)** "**Deur julle verbondenheid** met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.

12) **Dit het by die doop gebeur**

- deurdat julle toe saam met Hom begrawe is.

**Deur julle verbondenheid met Hom**

- is julle ook saam met Hom opgewek,
  **omdat**
- julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het."

Hierdie, ***een word met Christus***, beteken figuurlik, met 'n letterlike verlossende betekenis, dat wat met Jesus gebeur het, het ter wille van jou wat glo gebeur en daarom het jy deel daaraan.

- Toe Jesus aan die kruis gesterf het,
  - het ons saam met Hom gesterf.
- Toe Jesus begrawe is,
  - is ons saam met Hom begrawe.
- Toe Jesus opgewek is uit die dood,
  - het ons saam met Hom opgestaan as wedergeborenes.

Ons lees in **Kol 2:12** 'n baie sterk griekse woord wat die toepassing op ons is: **συνεγείρω - sunegeirō** - dit beteken saam met Christus.

- Ons het saam met Chritsus gesterf het. *"dood vir die sonde"*
- Ons is saam met Christus begrawe.
- Ons het saam met Christus opgestaan.

Daarom is Jesus ook genoem in **Mat 1:23** "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring en hulle sal Hom Immanuel noem."

- **Immanuel beteken: "God by ons, met ons, in ons."**

Jesus Christus is die volheid van God, die volheid wat permanent, elke dag, elke week, ons hele lewe by ons is en met ons is, ook natuurlik deur die Heilige Gees wat in ons woon.

Geliefdes, die merkwaardige, dit troosvolle boodskap en waarheid is:

- Elke christen gelowige deel in hierdie volheid, hierdie verbondenheid met Jesus Christus.
- Elke christen gelowige is in en deur Jesus Christus, **heilig, volmaak!**
- Hoe dink jy vandag nog as 'n bejaarde, as 'n volwassene of as jongmens of as kind oor jou doop?
- Dink jy daaraan en wat beteken dit vir jou?

Ons moet nooit die doop sien as slegs…

- 'n Uiterlike handeling nie.
- 'n Bloot seremoniële kerklike handeling nie. Of
- 'n Gewoonte of noodsaaklike saak wat afgehandel moet word nie.

Die heilige doop betuig en verseël aan ons dat die Vader **‘n ewige genadeverbond** met ons oprig.

- **Hier in ons teksverse word die besnydenis en die doop in verband met mekaar gebring, MAAR op die geestelike vlak.**

**Die besnydenis** was ‘n uiterlike teken van God se verbond met die Jode, maar dit het die geestelike betekenis gehad van die verbond.

Daarom moet ons elke dag juig oor ons doop.
Ons moet juig oor elkeen wat gedoop word.

Die griekse woord **vir doop**, ***βάπτισμα*** **– baptisma**, het in die Nuwe Testament beide ‘n letterlike en figuurlike betekenis.

- **Letterlik** beteken die doop, om iemand onder die water te dompel, of te besprinkel as simboliek van onderdompeling.

- **Figuurlik** beteken die doop om geïdentifiseer te word met iets of iemand.

- **Die betekenis** van die doop is dat dit ‘n heilige simbool is van die afwassing van jou sondes deur die bloed van ons Here Jesus Christus en dat ons Hemelse Vader met jou sy verbond bevestig, dat Hy jou Vader is wat jou eerstens aanneem jou syne maak en dat jy tweedens Hom moet aanneem en leef tot sy eer as sy kind.

Daarom is die begrip, **verbondenheid,** so belangrik.

- Saam met Hom gekruisig.
- Saam met Hom dood en begrawe.
- Saam met Hom opgewek.

Daarom die baie troosvolle **Kol 2:13:**

> “Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie.
> God het julle egter **saam met Christus** **lewend gemaak** deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het.”

**Kom ons bid**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***